Skrifgedeelte: Habakuk 1

Teksvers: Habakuk 1:5

Tema: Sal jy dit glo as dit vir jou vertel word?

As..."as is verbrande hout". Só lui die ou spreekwoord. Maar wat as...? Wat as God al die gebede van die afgelope paar weke vir uitkoms antwoord? Wat as God besluit om begin om `n einde te maak aan die korrupsie, geweld, haat en moord in ons land? Wat as God antwoord...en die antwoord is Jacob Zuma...of sal ons eerder sê Atul Gupta?

Die gedagte maak ons ongemaklik, nie waar nie? Dalk maak dit ons selfs kwaad en bitter ongelukkig? Hoe kan hierdie dominee nou op die preekstoel wil staan en sulke snert kwyt raak?! As jy deur hierdie emosies gaan, is jy in Habakuk se geselskap. Dit is min of meer wat deur Habakuk se gemoed gegaan het in Habakuk 1. Kom ek verduidelik...

Habakuk 1:2-4 gee vir ons Habakuk se gebed tot die Here God. Habakuk tree in gebed in en pleit en smeek dat God `n einde sal maak aan die geweld en onreg wat daar in Israel was. En dit was bitterlik erg. Habakuk gaan selfs sover om te sê dat die wet verkrag word deur die slegte mense wat `n oorhand kry. Laat ons nogal dink aan Zapiro se spotprent `n paar weke gelede. Hoe dit ook al sy, Habakuk is hier besig om sy hart voor die Here uit te stort omdat al hierdie ongeregtigheid wat daar in die land aan die gang was, hom bitterlik ontstel het. Hy het geweet dat God nie só geëer kan word nie, en daarom ontstel dit hom. Daarom vra hy dat God moet ingryp en `n einde maak.

En dan, in vers 6, begin God om vir Habakuk te wys dat Hy wel `n einde gaan maak aan die geweld en onreg wat die Israeliete pleeg en dat Hy dit gaan doen deur die Galdeërs te stuur. Tot en met vers 11 word die Galdeërs dan beskryf as hierdie absolute wrede, haatlustige en oorloglustige afgodsdienaars wat niks goeds kan doen nie. En dit is werklik wie die Galdeërs was! Hulle het geen genade vir hulle vyande gehad nie en hulle het verwoesting gesaai sover hulle gegaan het. Hulle was uit-en-uit `n goddelose en godlose volk gewees.

Wanneer God klaar vir Habakuk vertel het watter uitkoms Hy gaan stuur, kan Habakuk nie anders nie as om in groot vertwyfeling te wees. Dit is bykans asof Habakuk hier vir God wil sê: "Regtig, Here? Is dit U groot plan? Om met nog geweld en onreg, geweld en onreg uit te wis?" Dit is amper asof Habakuk selfs vir God wil verkwalik oor die feit dat God só gaan optree. Habakuk sê dan byvoorbeeld in vers 13: "Waarom doen U dan niks aan die trouelose mense nie, waarom bly U stil wanneer slegte mense dié vernietig wat beter as hulle is? Hoe kan U mense behandel asof hulle visse is, asof hulle kruipende insekte sonder leier is?"

In Habakuk se verbystering oor die antwoord wat die Here vir hom gegee het, het hy vers 5 vergeet. Dit is in hierdie vers waar Habakuk en ons antwoord begin vorm vir hoekom God optree soos Hy dikwels optree en dit is dat God soms só optree dat ons net eenvoudig verstom sal staan oor dit wat Hy doen. God bring dikwels uitkoms en ondersteuning op maniere wat ons glad nie verwag nie en wat ons nie noodwendig sal glo as dit vir ons vertel sal word nie.

Dink maar aan die grootste uitkoms wat God gebring het: die uitkoms uit die ewige dood. Hy doen dit deur `n mens te word in Jesus Christus. `n Mens wat in werklikheid geen aansien het nie, wat slawe-werk doen deurdat Hy mense se voete was. `n Mens wat as `n vervloekte aan `n kruis kom

sterf met die gedagte dat die mensdom Hom nie wil hê nie en die hemele wil Hom ook nie aanvaar nie, daarom hang Hy tussen hemel en aarde. `n Mens wat, volgens Jesaja 53, nie iemand was wat ons sou reken nie en wat ook nie die voorkoms sou gehad het dat ons van Hom sou gehou het nie. `n Mens wat deur sterwe en lyding (in menslike oë `n nederlaag) oorwin en wat dit bevestig met die eerste opstanding uit die dood. Wie van ons wat hier sit, sou kon dink dat God só uitkoms kan bring? Wie van ons sou daardie plan kon beraam en tot uitvoering bring? En tog het God dit gedoen!

Interessant genoeg gebruik Paulus later hierdie vers van Habakuk 1:5 wanneer hy in Antiogië in Pisidië preek en hy die mense oproep om die evangelie te aanvaar, naamlik dat daar vergewing van sondes is alleen op grond van dit wat Jesus Christus kom doen het. Daarmee gee Paulus eintlik vir ons die sleutel waarmee ons na gebeure moet kyk wanneer God ons gebede antwoord op maniere wat ons nie verstaan nie. Hierdie sleutel is die koninkryk van God! Wat ook al God doen en hoe ook al Hy my en jou gebede beantwoord, gaan nie oor ons gemak, ons wil of ons plesier nie, maar oor Sy koninkryk! Sy eer en heerskappy moet duidelik word en God weet hoe dit moet gebeur - hetsy, in Habakuk se tyd, deur die Galdeërs of in ons tyd dalk deur president Zuma.

God is besig om in ons tyd dinge te doen wat ons nie verstaan nie, maar waardeur Sy koninkryk en Sy heerskappy duidelik word. Dit is die les wat Habakuk moes leer en dit is die les wat ons ook moet onthou; die vaste waarheid waaraan ons moet vashou: God is besig om Sy heerskappy duidelik te maak op die manier wat Hy weet die beste gaan wees.

Om dit egter te onthou, is nie só maklik nie. Dit is dikwels baie moeilik om te sien en te weet en selfs te aanvaar dat God op `n sekere manier uitkoms gee. Juis daarom dat Hy aan ons die belofte gee dat die Heilige Gees by ons is en saam met ons pleit in daardie tye. In Romeine 8 leer Paulus ons dat die Heilige Gees op `n besonderse manier saam met ons deel in ons worstelinge oor die stukkende dinge hier op aarde. En net daarna sê Paulus dan in vers 28 dat ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom lief het, dié wat volgens sy besluit geroep is.

Dit is juis dan, wanneer ons worstel en aanhou worstel met God se wil in tye van horribale omstandighede wat die Heilige Gees saam met ons pleit en wat die Heilige Gees ons daaraan herinner dat ook dit ten goede sal uitwerk - selfs al kan ons nie sien hoe nie. Dit is alleen deurdat die Heilige Gees só by ons staan en só saam met ons in gebed intree, dat ons saam met Habakuk kan sê dat al sal alles hier vergaan, nogtans sal ons in die Here jubel, sal ons juig in God ons Redder.

"Ek gaan nog tydens julle lewe iets doen wat julle nie sal glo as dit vir julle vertel word nie." Mag hierdie woorde vir ons ook waar word. Mag ons beleef dat God se koninkryk kragtig deurbreek in hierdie wêreld en land vol geweld en onreg. Mag ons beleef hoe die Heilige Gees by ons staan en mag ons soos Habakuk bely: nogtans sal ek in die Here jubel!

Amen